

'n Historiese Perspektief op die Realisering van “CHO” van die PUK as 'n Stem uit Potchefstroom tot 2003

Prof. E.S. van Eeden

From 1919 the Potchefstroom University for Christian Higher Education (PU vir CHO) in South Africa was the first tertiary institution in the country to reflect a certain character and focus in its name. The transformation in the national education structure since 1998 had a detrimental effect on the change of the name PU vir CHO which was used for decades. By 2003 this university had to submit to educational pressures that made provision for a broader unified tertiary institutional structure of education in the North West Province. Eventually, the interminable and complicated debate on the meaning and value of the “CHO” for the institution created an opportunity for negotiated questions about the “CHO-past”. Some questions were (1) where did the principle of “Christian Higher Education” originate and how did it become associated with the University (character and science); (2) did the concept of “Christian Higher Education” as “family name” develop progressively within all sciences?; (3) to what extent may the “Christian Higher Education” have been a powerful element of uncertainty, creating frustration and/or becoming a potential isolating factor? The matter of whether a change in the institutional name and visible character was really necessary after 2003 is also questioned in some circles.

Although the way forward, with or without the “CHO”, is difficult to envisage, this debate and the questions as mentioned and as discussed in the article, mainly reflect a historical perspective and methodology. Whether the debate on the “CHO” must be continued in an informal way and how this could be continued, are also discussed briefly.

1. Inleiding

In Suid-Afrika was die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (hierna PU vir CHO) vanaf 1919 die eerste tersiër-gedrewe

inrigting in Suid-Afrika om die bepaalde karakter en fokus van die Universiteit in die universiteitsnaam te reflekteer. Veranderinge in die Onderwys vanaf 1998 het invloedryk op hierdie “van” van die PU vir CHO wat dekades lank in gebruik was, ingespeel. Dié Universiteit het in 2003 die spreekwoordelike knie moes buig teen onderwysbeginsels waarin voorsiening gemaak is vir ’n groter institusionele tersiêre onderwysbestel binne die Noordwes-Provinsie. In wese was hierdie proses ook die begin en die einde van ’n komplekse jarelange debat oor die sin van CHO op die Kampus. Vanuit ’n histories-gerigte konteks was hierdie “einde” eintlik die begin van vele vrae oor die “CHO-verlede” wat beredeneer kon word.

Van die vrae oor hierdie amptelik-historiese einde van die CHO sou kon wees:

- Vanwaar Christelike Hoër Onderwys en hoe skakel dit histories met die bestaan van die PUK (die Christelike karakter en wetenskap)?
- Het die begrip van wat die CHO as PUK- “van” behels sedert sy selfstandigwording binne die akademie enigsins verhelder?
- In watter mate was die CHO-“van” sedert die jare sestig kragtig, onsekerheid-belade, frustrasiewekkend en/ of ’n potensiele isolasiefaktor?
- Was ’n naamsverandering vir die Potchefstroomkampus na samesmelting werklik nodig, gesien die feit dat die CHO wel vir jare die benadering van die Universiteit op alle terreine help bepaal het?
- Die CHO na 2003 – Hoe nou vorentoe?

Daar is gepoog om die konsep CHO binne bovermelde raamwerk enigsins vanuit die konteks van die Geskiedwetenskap te probeer beantwoord (m.a.w. nie vanuit ’n suiwer filosofies-ideologiese konteks en begroning nie, maar vanuit ’n histories-chronologiese konteks en benadering om veral die algemene verloop, kommentaar en gesprekke daaroor te bepaal). Ook die wortels vir die vestiging van Christelik-gedrewe onderwys in Suid-Afrika waarmee spesifiek Potchefstroomse akademië geassosieer het, is nagegaan (vgl. ook Botha, 1995: 121-148; Ouweneel, 1993: 323-336; Strauss, 1982:1-94).

2. Die vestiging van ‘CHO’ op die PUK-kampus

Met die stigting van die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) in 1875 is aan Afrikaans as taal spreekwoordelik tande gegee om ’n groter visie uit

te dra (aldus Davenport soos in Van der Schyff, 2003:33). Daarbenewens het die *Vereeniging van Christelik-Nasionaal Onderwijs* (reeds 15 jaar tevore in Nederland gestig) ’n entoesiastiese navolger in die persoon van ds. GWA van der Lingen van Paarl Gimnasium in Suid-Afrika gekry. Dit is weldra verder deur die vermaarde ds. SJ du Toit en veral ds. Dirk Postma onder gereformeerdes uitgedra. In essensie het hierdie “uitdra” die beginsel ingehou dat die Kerk, en nie die Staat nie, verantwoordelikheid vir die onderwys moet aanvaar. Hierdie benadering het toe al kritiek uitgelok as synde ’n poging te wees om “deur onkunde en slegs met kennis van die Bybel” ’n “houvas op die jeug” te “wil behou” (aldus die *Burgersdorp Gazette*, 1885, soos in Van der Schyff, 2003: 35). Selfs met die heelwat latere bekendmaking van die Christelik-Nasionale Onderwys (ICNO)-beleid van die destyds onlangs gestigte Federasie vir Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) is die PUK gekritiseer as dat die “onderwys verpotchefstroom” omdat akademici van die PUK ’n groot hand in die beleidsdokument gehad het (Van der Schyff, 2003:575).

Die inisieerders, of soos Van der Schyff na hulle verwys: mede-yweraars vir Christelik-Nasionale Onderwys, het op verskeie podiums bly versoek dat skole self moet kan besluit watter vorm van onderwys vir die burgers wat hulle bedien die beste is. In Burgersdorp – as’t ware die PUK van Potchefstroom se eerste tuiste met die vestiging van die Teologiese Skool (1869) en in 1876 die Literariese Departement aldaar – is ’n Vrye Christelike Skool (VCS) in 1886 gevestig om hierdie “vrywillige beginsel” te beklemtoon (Van der Schyff, 2003:33-38.)

Prof. Jan Lion-Cachet het ook by geleentheid die doel van die “vrywillige beginsel” kortom beklemtoon as dat die VCS wel sy Gereformeerde (Christelike) aard, gekoppel aan die gedagte van Nasionaal (Afrikaans), as tekenend van sy karakter en bestaan beskou (Van der Schyff, 2003:41-43). Hierdie karakter en bestaan was grotendeels geografies en akademies afgesonder. Beperkte internasionale kontak het met enkele 19de-eeuse gevestigde Nederlandse geesgenote en tersiêre instellings bestaan – onder meer dié met die Teologiese Skool te Kampen en die Vrije Universiteit te Amsterdam, Nederland (VU) – onder besondere aansporing van kerkleier en politikus dr. Abraham Kuiper (Van der Schyff, 2003:41-43,55-56; De Klerk, 1996: 334-340).

Onderwyl veral die VU-beïnvloeding op verskeie podiums as aanvaarbaar vir die teologiese studente van Burgersdorp geblyk het, het finansiële omstandighede uiteindelik daartoe gelei dat die Skool in 1905 wel moes toestem tot “verplasing” na Potchefstroom (Van der Schyff, 2003:58,86). Professor (en later eerste rektor) Ferdinand Postma het daarna ontluik as

groot insieerder en kampvegter vir die behoud van ’n Christelike en Afrikaanse karakter. Hierdie persoonlike droom – stewig geanker in die lewensfilosofie van Abraham Kuiper – is op 23 Julie 1919 bewaarheid toe erkenning gegee is aan die totstandkoming van die “Potchefstroomse Uniwersiteitskollege vir K(C)hristelik Hoger Onderwys” as aparte instelling van die Teologiese Skool – waarskynlik omdat die Skool nie die finansiële verpligting van sy eie “maaksel” kon dra nie. Om van die polities-belaaide CNO afstand te kry, het akademië op CHO besluit. Vanaf 7 September 1921 is die PUK amptelik erken onder die toesighoudende vaandel van die Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, as moederinrigting. Dié nuwe benadering tot bestaan is egter erken sonder die laaste deel van sy titel, naamlik “Christelike Hoër Onderwys”.

Vir meer as 12 jaar is in ’n verskeidenheid van akademiese en openbare kringe onverpoosd gedebatteer oor die weglating van die CHO, totdat Wet nr. 5 van 1933 die PUK weer toegelaat het om sy van: “vir Christelike Hoër Onderwys” te gebruik. Soos selfs na die PUK se selfstandigwording (1951) was daar gedurende hierdie jare ook diegene vir die CHO, en diegene daarteen (Van der Schyff, 2003:175,192, 224, 285; 365, 369-378, 556-557; Van Eeden, 2005:Hfst. 11). Emosies gewortel in elke individu se lewensbeskouing rondom Christenwees, asook die taal, kultuur en die heersende politiek het sekerlik ’n stewige bydrae gelewer tot die betrokke debat.

Ter bevordering van Afrikaans en die Christelike karakter is heelwat inisiatiewe aan die PUK onderneem en/of uitgebou (vgl. Van der Schyff, 2003: 556-560, 573; Van Eeden, 2005:Hfst. 11).

In ’n Inisiatief om die CHO te bevorder, was studente reeds vanaf 1924 aan “spesiale lesings” blootgestel, en teen 1942 was daar sprake van ’n Christelike Geloofsleerkursus waarvoor studente klaarblyklik op ’n “vrywillige” grondslag kon inskryf. Dié kursus was nie eksamengerig nie, maar sertifikate vir 60% getroue bywoning en meer is wel uitgereik. Proff. J.D. du Toit en H.G. Stoker was sedert die twintiger- tot die vyftigerjare aan die voerpunt van die ontwikkeling en aanbied van Geloofsleerinhoud (Van der Schyff, 2003: 570-571).

Te oordeel aan die PUK-Jaarboeke het hierdie “getroue” bywoning gedurende die veertigerjare wipplank gery (vgl. PUK, Jaarboek, jare 1942-1950). Ook was die indruk dat die studente te wêrelds raak en dat sommige studente ’n “verrotte invloed op medestudente” het. Toe die Afrikaanse Studentebond in 1948 gestig is, was die vermaning van ’n studentestem in *Die Wapad* (Aug. 1948:3) dat die PUK-owerheid minder aandag aan die status van die universiteitsbeursie moet skenk, en meer aan

die handhawing van die PUK-karakter ter wille die handhawing van die ‘In U Lig’-karakter tot verryking van die studente. Die meerderheid studente was egter kennelik minder entoesiasies en diep-denkend daarvoor as dié individu wat moontlik by ’n minderheid eendersdenkendes aanklank gevind het .

In *Die Wapad* van Julie 1948, byvoorbeeld, is die algemene belewenis van die redakteur, P.H. Snyman, op die “CHO” só verwoord: “Vir sommige is dié woorde tot aanstoot, vir andere is dit ’n leë etiket en vir nog andere is dit ’n voorwerp van lekker spot ...” (Vergelyk Snyman, *Die Wapad*, 1948: 2-3; Van der Schyff, 2003: 578-580).

In ander akademiese kringe en op regeringsvlak was diegene teen die “CHO” weer ’n minderheidstem. Dikwels was dit ’n ontstoke minderheidstem as gevolg van die persepsie van gebrek aan visie deur die meerderheid wat blindelings die “*scheme*” van die PUK rakende die CNO-beginsels in die naam van die PUK slaafs ondersteun (vgl. Van der Schyff, 2003: 594). Ongeag hierdie soort frustrasies het Onderwyswet nr. 19 van 1950 van die Republiek van Suid-Afrika in die vooruitsig gestel dat voorsiening gemaak moet word dat die Universiteit “... sy Christelike karakter [kon] handhaaf, sonder toepassing van enige denominasionele toets ...” (PUK-Argief, PU vir CHO Private Wet 19, 1950 [en wysigings daarna], 1978: 2-3).

3. Het die begrip van CHO as PUK- “van” sedert sy selfstandigwording enigsins binne die akademie verhelder?

Te oordeel aan die boodskappe wat die PUK op 17 Maart 1951 met selfstandigwording van hooggeplaastes uit regeringskringe en die internasionale akademiese podium gekry het, het die lof en gelukwensings veral gefokus op die PUK se Christelike lewensbeskouing. Die besoekende VU-rector, prof. Herman Dooyeweerd, kon byvoorbeeld nie nalaat nie om te noem dat die PUK nou wetlik die “Vrije Universiteit van Zuid-Afrika” geword het, en daarmee “de tweede Gereformeerde Universiteit ter wereld” (Vgl. toespraak in Van der Schyff, 2003:619). Onder die vreugdebodskappe was daar ook die vermanings om nie onverskillig op te tree sodat die gees van die wet (waarin die CHO erken is) verlore gaan nie (PUK, Jaarboek, 1952). Inderdaad was al dié opmerkings geldig.

Om die PUK-siening van die CHO binne die Christelike wetenskapsbeoefening met die feesgangers te deel, het prof. H.G. Stoker gesê dat God in beheer is van alles en dus ook van die wetenskap. Derhalwe is die

wetenskap daar om in diens van God en tot sy eer hanteer te word (Stoker, 1950: 149-155). Op hierdie uitgangspunt is voortgebou toe die vraag mettertyd ter sprake gekom het van hoe onderrig aan studente binne hierdie tradisie moet geskied en hoe die wetenskap binne hierdie perspektief beoefen moet word (Van Rooy, 1998, pp. 102-103; PUK-Argief, Bingle-versameling, 1956).

PUK-akademië wat binne bepaalde organisasies verbintnisse met byvoorbeeld die Christelike Nasionale Onderwys (CNO)-Aksie en die praktiese toepassing van hierdie vertrekpunte gemoeid was, het soms met die kompleksiteit daarvan geworstel. Christelike wetenskapsbeoefening het ook verdere vrae laat ontstaan wat soms binne die strukture van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB) (PUK-Argief, Bingle-versameling: 1958) – as latere Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika (REBSA) – beredeneer is.

Die ACB was reeds in die middel van die vyftigerjare besonder aktief. Onder meer is die maandblad *Woord en Daad* tot stand gebring as ’n eerste inisiatief van sy soort om “’n beskeie poging te wees in die rigting van Christelike joernalistiek waarvan daar in ons vaderland feitlik nog geen voorbeeld bestaan nie ...” (PUK-Argief, J. Chr. Coetzee-versameling: 1954). Alhoewel die ACB nie deel van die PUK was nie, was dit vanuit die PUK geïnisiëer (PU vir CHO, Van der Walt, 2004).

Om wel pertinent en prakties uitvoering te gee aan die PUK-“van”, het akademië reeds sedert die vyftiger- tot die negentigerjare geskakel met internasionale instansies waar ’n Christelike benaderingswyse in die onderrigproses sentraal gestaan het (Vergelyk IRS, 1983; Van der Walt, 2002: pp. 123-133). By baie geleenthede is hierdie prinsipiële benadering van die wetenskap beklemtoon en verdedig. So byvoorbeeld het die rektor, prof. J. Chris Coetzee, in 1956 teenoor ’n gehoor in Stellenbosch opgemerk dat geen wetenskap totaal onbevange en sonder enige voorveronderstellings beoefen word nie: “... daar is altyd ’n filosofiese grondslag wat saamhang met die lewens- en wêreldbeskouing van die mens wat dit beoefen” (vgl. Anon, 1956, p. 1). Sy opvolger, prof. Bingle, het hierdie waarheid beaam (Van Eeden, 2005).

Om die Christelike wêreldbeskouing verder te “ontplooï”, is die kursus Kulturele Roepingsleer in 1958 aan die PU vir CHO gevestig na ’n versoek deur die PU-Staatmakerveldkornetskaps van die Voortrekkerbeweging. Soos in die verlede was prof. H.G. Stoker nou betrokke by die samestelling van die kursusinhoud (Van der Dussen, 1958:126-128). Mettertyd is die kursus verdoop na Beginsel- en Metodeleer, ook by sommige bekend as “ou” Christelike Geloofsleer van

die veertigerjare (PUK-Argief, Uitvoerende Komitee: 1963; 1960), waarna die kursus weer herbenoem is as Studium Universale, totdat die benaming in 1965 verander is na Etiek en Logika (Coetzee, 1966:17-20). Namate die benaming van hierdie kursus en sy leerinhoud teen die vroeë sewentigerjare na Interfakultêre Wysbegeerte geredigeer is (vgl. PUK-Argief, Senaat, 1977: p.3), het verdere wysigings nogeens gevolg en is die naam Wetenskapsleer uiteindelik aanvaar (vgl. Van Rooy, 1998: p. 103). Nog was dit nie die einde nie. In November 1990 is besluit op die naam Reformatoriese Wetenskap vir hierdie kursus en sy inhoud (vgl. Du Plessis, 2000: 1-3).

Die Reformatoriese oftewel Christelike Wetenskap (Wetenskapsleer) as kursus is veral sedert die Bingle-rekterstermyn vanaf die sestigerjare uitgebrei. Prof. Bingle was in hierdie jare ook die voorsitter van die ACB en instrumenteel in die stigting van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (IBC) (PUK-Argief, Burgersdorp, Inligtingstuk: s.j.) wat later as die Instituut vir Reformatoriese Studie (IRS) bekendgestaan het (Van der Walt, 2000: 151-154). Die IRS is beskou as 'n brugbouende liggaam tussen die PUK, die huisgesin, die kerk en baie ander samelewingsverbande (IRS, 1989: 5; Bingle, 1990:591-592); Van der Walt, 1982: 11-13).

Ten spyte van die verpligte aard van die kursus, Christelike Geloofsleer (en die daaropvolgende benamings), was die PUK-owerheid en -personeel in die breë nie onversetlik oor die toepassingswyse daarvan nie. Van die akademiëers veral het voortdurend daarvoor besin en geworstel met die sin en wyse waarop die inherente betekenis van “CHO” in die tersiêre onderrig aan die Universiteit prakties gestalte moet kry (Vergelyk Van Rooy, 1952: 41-43; Van der Vyver, 1957: pp. 111-113; 1958: 64-66; Van der Wateren, 1964:26-27; Cilliers & Rousseau, 1984: 9; Van Eeden & Coetzee, 1996: 271-290). Dit is 'n ope vraag of die meerderheid PUK-werknemers sin in hierdie intellektuele “worsteling” gehad het. Eweneens kan gewonder word of die studente sedert selfstandigwording 'n veel groter waardering gehad het vir die pogings van die PUK-owerheid om die “CHO” op 'n behoorlike wyse binne die akademie betekenisvol te verhelder om só aan 'n jarelange “doel en 'n behoefte” te beantwoord (vgl. Venter, 1952:45).

Dat die voortsetting van kursusse om die CHO te beklemtoon suksesvol aangepak en deurgevoer is, word nie betwyfel nie. 'n Aantal wetenskaplikes het in die vyftigerjare (en vir dekades daarna) ernstig oor die vraag van Christelike wetenskapsbeoefening in hulle dissipline besin. Hulle het egter nie noodwendig besondere erkenning of ondersteuning van vakgenote elders gekry vir die standpunte gestel oor die CHO of gevolgtrekkings waartoe gekom is nie. Daar kan net biespiegel word daarvoor of

die studente-massa op hul beurt hoegenaamd besondere kennis geneem het van die beskouing van hulle leermeesters oor CHO in 'n bepaalde vakverband. Die sporadiese worsteling hiermee deur studente in studentekoerante is genoegsame rede om te wonder of selfs hulle enigsins 'n greep gehad het op die betekenis van CHO soos vanuit 'n bepaalde wetenskaplike konteks beskou (Van Eeden, 2005: Hfst. 11).

4. Die jare sestig tot 2003 en die CHO-van as 'n stem van kragtigheid, onsekerheid, frustrasie en/ of 'n potensieële isolasiefaktor?

- **Kragtigheid teenoor onsekerheid**

Met 'kragtig' in hierdie konteks word bedoel in watter mate die beginsels van CHO effektief (met sigbare resultate) binne alle fasette van die akademiese lewe deur werknemers, die werkgewer en die studente ingedra is. Van die voorbeelde wat uit die bronnenuitvoering opgespoor is, is op sigself beduidend oor die mate van onsekerheid wat bestaan het oor die praktykmakende rol van die CHO binne die PUK-konteks.

Wat die studente betref, het die oudste PUK-studentevereniging, Korps Veritas Vincet, van tyd tot tyd hul stem laat hoor. Só byvoorbeeld het Korps Veritas se Studiekomitee in 1967 besin oor die betekenis van die "CHO". Die vernaamste rede vir hierdie besinning was glo juis die hoorsê-uitsprake soos "dat hierdie universiteit 'bevooroordeel' en 'onwetenskaplik' is". 'n Saak is daarvoor uitgemaak dat "selfs goddelose opvoedkundiges vandag moet erken dat 'n universiteit sonder 'n saambindende grondbeginsel geen bestaansreg het nie" (PUVCHO, Korps Veritas Vincet:1967).

'n Soeke na die aard van die bovermelde saambindende grondbeginsel was gereeld die fokus van ondersoeke en projekte oor Christelike wetenskap (Vergelyk PUK-Argief, Verslae, Sub-Kommissie, I.B.C.:1974-75) Trouens, die besinning oor 'n Christelike wetenskap was in die negentigerjare steeds 'n kernuitgangspunt vir die bevordering van navorsing deur akademics in grondslagkwessies (PUK-Argief, Brosjyre, 2001:17).

Voorts is die ingebede Christelike grondslag binne die konstitusies van studenteverenigings verdedig en studente is aangemoedig om juis dié grondslag uit te dra na medestudente om sodoende "'n diens te bewys aan ons volk, om op hierdie manier aan sy seuns en dogters terug te gee wat ons van hom [die PUK] ontvang het" (Smit, 1957: 51-52).

Die aard en toepassing van die "CHO" binne studentekringe is waarskynlik, soos tevore, vanuit verskillende hoeke gedebatteer. So by-

voorbeeld het André P. Brink, 'n ingeskrewe student aan die PUK in die middel-vyftigerjare, by geleentheid in een van sy bydraes in *Die Besembos* opgemerk dat Christelik-Nasionale Onderwys nie diskriminasie voorstaan nie, maar dat dit die gelykwaardigheid van alle mense voor staat en God erken (Brink, 1957:119). Of dit wel so verstaan en sodanig toegepas is, is 'n ander vraag. In 'n meningsopname onder studente tien jaar later – in 1967 – blyk Brink se begrip van CNO tog deur te skemer, toe bevind is dat die meerderheid van oordeel is dat die karakter van die Universiteit wel Christelik is, maar dat in die uitlewing daarvan 'n dikwels “aweregse houding ... aangetref” word, aangesien “mense wil hê dat die Universiteit hulle moet Christelik hou in plaas daarvan dat hulle die Universiteit Christelik hou” (Anon, 1967: 1).

'n Ander insiggewende meningsopname onder studente rakende hulle algemene gesindheid oor Christelike wetenskapsbeoefening is in die sewentigerjare onderneem. Dié vraelys wat in 1972-1973 voltooi is, is in 1975 bekendgestel en die bevinding was dat die meerderheid studente se gesindheid jeens CHO “oor die algemeen” positief was, maar dat hulle kennis van die aard en aksente van Christelike wetenskap swak was. Verder het tussen 50% en 60% gereken dat die dosente en studente van 'n Christelike universiteit nie noodwendig Christene hoef te wees nie. Die Universiteitsraad en die Studenteraad sou gevolglik afsonderlike inisiatiewe geloods het om die betekenis van “CHO” groter substansie en begrip onder sy eie dosentekorps en studente te laat kry (vgl. Combrink, 1975:10-11). Of hierdie inisiatiewe suksesvol was, is moeilik om te bepaal, aangesien opvolgnavorsing nie noodwendig uit hierdie voorgenome optrede gevloei het nie.

Hoe spesifiek nuut-ingeskrewe eerstejaarstudente die implikasies van “CHO” geïnterpreteer het, is in 'n verslag in 1997 deur die eertydse Buro vir Akademiese Steundienste bekendgemaak. Onder meer is bevind dat die groter studentegroep die “CHO”-karakter beskou het as die belangrikste motivering om aan die PUK in te skryf. Ook kleurlingstudente het die “CHO” en hoë onderwysstandaarde as een van die grootste dryfvere vir hulle inskrywing aan die PUK beskou (PUK-Argief, Dept. Openbare Betrekkinge, 1997). Indiërstudente het hulle nie juis uitgespreek oor die “CHO” nie. Vir hulle was die ligging van die Universiteit die grootste trekkeleier. Tog was in hierdie stadium die “CHO” 'n besonder prominente faktor wat die keuse van 'n universiteit vir die meerderheid studente (en waarskynlik hulle ouers) beïnvloed het. Alhoewel die dieperliggende toepassing van die “CHO” op akademiese inhoud dalk nie altyd deur die studente begryp is nie, was die meerderheid waarskynlik van

oordeel dat “CHO” saamval met gesonde norme, etiese waardes en dissipline – aspekte wat die meeste ouerhuise vir hul kinders begeer.

Van die kant van die Studenteraad is sedert die laat negentigerjare ook tydens die jaarlikse opleidingskamp ’n omskrywing van hul interpretasie van die Christelike karakter aan die Bestuurskomitee voorgelê. Hulle het hulle interpretasie soos volg geformuleer:

Die Christelike karakter van die PU vir CHO verwys na ’n lewensgesteldheid teenoor beide die akademiese en nie-akademiese fasette van die [U]niversiteit. Die akademiese faset is die wetenskap wat vanuit ’n Christelike perspektief aan die [U]niversiteit beoefen word, terwyl die nie-akademiese faset verwys na ’n ingesteldheid om nie die goeie naam van die [U]niversiteit te skaad nie, soos dit op ’n Bybelse grondslag geskoei is (vgl. PUK-Argief, Rektor, 1999: 77).

- **Frustrasies en isolasie**

Konferensies oor die ‘CHO’

Vir ’n groter begrip van “CHO”, en waarskynlik met die doel om ten opsigte hiervan minder geïsoleerd te funksioneer, asook minder frustrasies deur onkunde te beleef, is ’n eerste internasionale konferensie vir tersiêre inrigtings met ’n gereformeerde karakter in die Bingle-era georganiseer. Die fokus op Christelike wetenskapsbeoefening wat van 9 tot 13 September 1975 met die ondersteuning van die IBC op die PUK aangebied is, word veral in herinnering geroep. Hierdie konferensie sou voortaan as die International Association for the Promotion of Christian Higher Education (IAPCHE) bekendstaan (PUK-Argief, Verslag rektor, 1975: 66-67; Van der Walt, 2000:151-154; IBC, 1975). Sukses is met hierdie vorm van samekoms behaal toe dr. Kun Sam Lee, na sy bywoning van hierdie konferensie, onderhandelinge met die PUK gevoer het om Koreaanse studente vir gevorderde studies ook aan dié universiteit (en eventueel ook aan ander universiteite) in te skryf.

Benewens die gereelde konferensies oor Christelike wetenskapsoefening (wat sedertdien wêreldwyd op ’n jaarlikse grondslag aangebied is) (Vergelyk IAPCHE, 1992:1-166) is projekte ook begin waarin onder meer gefokus is op die inslag van Calvinisme in Suid-Afrika (PUK-Argief, Verslag rektor, 1975:66). Ondanks hierdie aktiwiteite in die rektorstermyn van prof. Bingle was dit oënskynlik nie altyd vir hom so eenvoudig om die implikasies van die CHO in die PUK se doen en late te verdiskonteer nie. Reeds in die 1966-rektorsverslag merk hy op dat “[I]n ’n wêreld waarin dit steeds moeiliker word om die Christelike beginsel te handhaaf en die materiële steun uit die

finansiële sektor te bekom, hou daar ook nog ander nypende faktore die ontwikkeling teë ...” (PUK-Argief, Verslag van die rektor, 1966, p. 135; IRS, 25 Jaar, Visie & Missie, Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks F (F3), 35, 1989, pp. 31-32). Waarskynlik was een van hierdie knellende sake rakende die CHO gedurende die rektorstermyn van prof. Bingle die onverkwiklike debat tussen die PUK en die Vrije Universiteit (VU) oor Christelike beginsels en die politiek wat uiteindelik aanleiding gegee het tot ’n jarelange isolasie van die PUK uit sy eie skepping, die IAPCHE.

Meningsverskille tussen die VU en die PU vir CHO

Dit was inderdaad ’n moeilike situasie toe die heersende politieke denke en manier van optrede daartoe gelei het dat die Vrije Universiteit van Nederland en die PU vir CHO hul goedbedoelde kulturele ooreenkoms van die vyftigerjare gedurende die vorige eeu teen die middel-sewentigerjare opgesê het. Hierdie ongelukkige situasie het ontstaan op grond van meningsverskille oor die interpretasie van die betekenislading van die uitdrukking “Christelike universiteit”. Nog ’n verskilpunt was hoe ’n Christelike universiteit se beskouings in onder meer politieke ongeregtigheid gereflekteer moet word (PUK-Argief, Verslag rektor, 1975:72). Dr. Beyers Naudé, wat kort tevore ’n eredoktorsgraad van die VU ontvang het, het albei instansies oor die kole gehaal oor hulle motiewe vir die verbreking van die ooreenkoms. In ’n brief het hy dit só gestel: “If both the FU and the PU take the basis of their institutions seriously, the termination of the existing cultural agreement ought never to serve as a valid reason for the termination of a dialogue between Christians regarding such matters as weighty as social discrimination, social justice and liberation from oppression” (PUK-Argief, Verslag, 1996:15-16).

Dit was ook Beyers Naudé wat die inisiatief geneem het om die VU en die PUK so ver te bring om in 1976 oor hulle besluit te herbesin (Vergelyk Naudé, 1995:97; Van Eeden, 2005: 507). Die gesprekvoering hieroor is klaarblyklik as suksesvol ervaar en daar is besluit dat dialoog voortgesit moes word. Tog het niks verder op grond van hierdie besluite daaruit ontwikkel nie – nie in die daaropvolgende jare tot en met prof. Bingle se uittrede nie en selfs nie ’n dekade later nie (Vergelyk PUK-Argief, Verslag rektor, 1996:28-29). Eerder het die beeld en aansien van “CHO” ’n verdere knou gekry toe die vermelde IAPCHE, wat oorspronklik ’n inisiatief van die PUK was, gedurende die tagtigerjare en tot nog in 1991 geweier het dat die Potchefstroomse Universiteit lidmaatskap van hierdie vereniging verkry (PUK-Argief, Verslag rektor, 1996:28-29; Van Eeden, 2005: Hfst. 7 deel 1).

- ’n Kragtigheid tree weer in

Die Christelike karakter kry ’n nuwe gestalte te midde van vurige debatte

Prof. T. van der Walt se omvattende universiteitsontwikkelingsplan na 1977 was geanker in sy slagspreuk: “Onvoorwaardelik Christelik, onbeskaamd Afrikaans”. Dit het die aandag weer gevestig op die daadwerklike uitbou van die Christelike karakter binne die wetenskap (Potgieter, 1998:125) en die PUK se beklemtoning hiervan. Onder meer is ’n werkgroep gevestig, gerig op die uitbouing van die Christelike karakter (Van der Walt, 1981:14-16). Hierdie proses van uitbou van en besinning oor die inherente betekenis van die Christelike karakter is uit gemengde perspektiewe voorgesit. So het die vise-rector, prof. J.S. du Plessis, met sy uitrede in 1984 steeds sy totale vereenselwiging met die “naam” en die “van” van die PUK teenoor die media laat blyk (PUK-Argief, Departement Openbare Betrekkinge, 1984:1), terwyl prof. H. Coetzee weer vrae geopper het oor die erns wat die PUK maak met die uitlewing van die “CHO” (Coetzee, 1984:15-17).

Op sy beurt het die vise-rector, prof. C. Reinecke, vanaf 1986 gewerk aan ’n raamwerk waarbinne veral nuwe dosente toegerus kon word vir die beoefening van hul wetenskapsfokus binne ’n Christelike paradigma (Du Plessis, 1998:9; Coetzee, 1987:19). Prof. Van der Walt, direkteur van die IRS, het dikwels in sy skrywe oor die CHO gewaarsku dat ’n stelsel (soos byvoorbeeld die Calvinistiese denkrigting) te geslote benader kon word en dan nie vir regstelling oop is en bly nie. Hy het benadruk dat die Calvinisme nie die norm is nie, maar dat die Calvinisme deur die Skrif genormeer word (IRS, 1989:22-23; 34-35; 37-38).

Dit is waarskynlik hierdie “oop bly vir regstelling” wat by nabaat beskou, dr. W. de Klerk, oud-PUK en raadslid van die PUK, asook eertydse Redakteur van *Rapport* die pen laat opneem het. Hy het die PUK se Sentrale Studenteraad van 1985-1986 behoorlik geroskam oor hulle “verstikkende konserwatisme” en die “skeefdwinging” van Christelike norme wat indirek ’n karikatuur van die PUK maak. Daarby het hy gemeld dat hierdie houding en gesindheid die progressiewe benadering wat die PUK meermale openbaar, heeltemal afbreek (Anon, *Vaderland*, 1985:2; Brynard, *Vaderland*, 1985).

Hierdie en soortgelyke debatte het uiteindelik gelei tot die doelgerigte uitbouing van die PU vir CHO-ideaal dat onder meer ook Christelike universiteite vir ander bevolkingsgroepe tot stand moet kom (Vergelyk Institute for Reformational Studies, Series F: 1987). Dit is ook benadruk

dat die PU vir CHO veral die betekenisinhoud van die “CHO” wat die Universiteit wil uitdra, by Afrikaanse Christenstudente wil vooropstel (PUK-Argief, Komitee vir Beleid en Ontwikkeling, 1989:86-88). Die betekenislading van “CHO” en die beklemtoning daarvan vir die Afrikaanse Christenstudent is somtyds gekritiseer en geïnterpreteer as ’n poging van die PUK om sy seksionele sentimente te bly koester. Gevolglik het die kritiek teen die PUK gereeld ’n karikatuur gemaak van pogings van die Universiteit om kontak met tersiêre inrigtings in Afrika te maak met die oog op die uitbouing van ’n Christelike benaderingswyse aan daardie inrigtings. Van Universiteitskant is moeite gedoen met uitreiking na en kontak opbou met Afrika. Hierdie pogings het veral gestalte gevind in die jaarlikse Suid-Afrikaanse konferensies van die tagtigerjare onder leiding van die IRS (Potgieter, 1998:127-128).

Nuwe perspektiewe op, en inisiatiewe vir, die “CHO”

Sedert die rektorskap van prof. C.J. Reinecke is verder voortgebou op die idee en inherente aard en betekenis van “CHO” – ’n aspek waarmee prof. Reinecke hom intens vereenselwig het. Hy wou dit ook daadwerklik gestalte laat kry deur onder andere bande met geesgenootlike en internasionale instellings te smee. Sodoende is rigting gegee aan ’n gedetailleerde ondersoek oor Christelike hoër onderwys in internasionale konteks, insluitende die plek en bydrae van Katolieke universiteite. (Reinecke, 1989: 415-431).

Prof. Reinecke was oortuig dat só ’n ondersoek, wat ook inligting mag bevat oor die nasionale en privaat wetgewing van Christelike universiteite en kolleges, van belang kan wees. Ook kon die wyse van subsidie en akkreditering deurslaggewend wees wanneer die plek en rol van die PU vir CHO in ’n toekomstige Suid-Afrika aan die orde sou kom (PUK-Argief, 1992:64). Dit is bekend dat hierdie siening inderdaad al in 1992 as korrek bewys is. Artikel 31 van Wet 19 van 1950 is naamlik sodanig gewysig dat die PUK in die toekoms nie meer enige posaansoeker se denominasionele verbintenis as norm kon aanlê by ’n benoeming nie (Anon, 1992:16-19). In baie opsigte was hierdie tegniese wysiging ’n verbetering op die bewoording van die vorige wet en ook baie meer “gebruikersvriendelik” teenoor die PUK-personeelkorps (PUK-Argief, 1993: 131; Froneman, 1992:14).

Die Senaatskomitee vir Reformatoriese Wetenskap (SRW) met prof. P. du Plessis as die Bestuurshoof daarvan is op 15 Februarie 1992 amptelik geïnisieer. Opnuut is gepoog om die verpligte kursus in Reformatoriese Wetenskapsleer toepaslik vir die onderskeie dissiplines te maak. Die

opleiding van dosente in Christelike wetenskapsbeoefening en die pogings tot geesgenootlike skakeling was nogeens aan die orde (Du Plessis, 2000: 1-3). Van buite is dié PUK-benadering ook in hierdie periode steeds krities beskou (Snyman, 1991:12).

Gedurende die rektorstermyn van prof. Reinecke is ’n aantal inisiatiewe onderneem om die onderliggende betekenis en impak van die “CHO” skerper binne alle wetenskappe te laat vorm aanneem. Onder meer was ’n evalueringsondersoek na die “CHO” as paradigma vir wetenskapsbeoefening aan die orde. Met ’n veranderende onderwysbenadering en -proses vir die gereedmaak van ’n nuwe politieke bedeling in 1994 (PUK-Argief, 1991: 1-2) het die PUK hiermee die inskerping van die “CHO”-gedagte ’n paar treë vorentoe laat beweeg. Onderwyl die Scott-kommissie ’n navorsingsverslag met die tema “Die regsposisie van die PU vir CHO in die nuwe grondwetlike bedeling” (PUK-Argief, 1994:2) voorberei het, is eksterne kundiges aangestel om algemene aanbevelings te maak oor die wyse waarop die Universiteit die nuwe onderwysproses kon benader.

Voorts is die PUK-forum wat jaarliks oor die karakter en taak van die PU vir CHO besin reeds in 1993 geskep. Hierdie besinningsgeleentede vind elke jaar op 17 Maart plaas – die herdenkingsdatum van die PUK se selfstandigwording in 1951. Uit hierdie inisiatief het geïsoleerde terugvoer van oudstudente voortgespruit (PUK-Argief, 1993-1994), asook reaksie van personeellede en selfs ’n “vreedsame” optog deur studente. Hierdie ontwikkeling word beskou as die grondslag vir transformasie aan die Universiteit. (PUK-Argief, 1994:3).

’n Historiese gebeurtenis wat ná die optog gevolg het, was dat die Senaat en raad van die PUK aanvaar het dat die standpunte wat die PUK-forum op 26 Junie 1994 gestel het, goed verwoord is (PUK-Argief, 1996: 17; Van der Walt, 1997: 307-317) . Die forum het naamlik die volgende afleidings oor die bestaansreg van die beskouing oor “CHO” en die hantering daarvan in die verlede só geformuleer:

- “... that the PU for CHE, within the former government policy, within the framework and the context of the time and within the brokenness of human judgement in the past accepted and implemented policy, which deeply affected fellow South Africans and did not always realise the Christian principles for which the University stood;
- that, although individual members of the University as ‘The Voice of Potchefstroom’ took strong standpoint against this, the University itself should have fulfilled a more clearly societal-critical and socially sensitive role, as could be expected from a Christian [u]niversity;

- that the University enters the new political era in a spirit of commitment and enthusiasm and as a Christian [u]niversity wishes to be involved in the community within which it functions in such a way that it fulfils its calling, although deeply aware of the complexities and challenges of the new era. It is the intention of the University as educational institution to serve the country and its people in accordance with the requirements of this era;
- that for co-operation with the government, as with other articulations of the community, constructive involvement is the point of departure of the University, but it should also guard against evil and in this process becoming uncritically subservient;
- that the Christian foundation of the University, as expressed in the motto ‘In Thy Light’ (vgl. Helberg, 1990: 463-480) will continue to serve as a conscience, but above all as an inspiration to take seriously the ideals of the University, while above all recognising the dependence on God Almighty for the fulfilment of the task of the University.”

Deels as uitvloeisel van die “CHO”-verklaring en -betekenis is ruimte geskep om persone uit die samelewing met ander geloofsoortuigings as dié waarmee die PUK tradisioneel geassosieer is op die PUK-raad te benoem (PUK-Argief, 1995; Du Plessis, 1995:11-12).

Akademici het ook georganiseer voortgegaan om die wetenskap en die plek van hulle spesifieke vakdissipline vanuit ’n Christelike perspektief te belig (Postma, 1993: 71-80; Lion-Cachet, 1995: 563-577). Die Christelike universiteit en politiek in ’n apartheids- en post-apartheidsbedeling is ’n tema wat prof. E. Botha van die Departement Filosofie in 1995 in ’n *Koers*-artikel beredeneer het. Haar uitgangspunt was dat die interpretasie van wat die begrip “’n Christelike universiteit” behels, grotendeels beïnvloed is, en selfs bepaal is deur die kritieklose politieke posisie wat die Universiteit binne die apartheidsbedeling ingeneem het. Sy het ook gestel dat die welmenende Christelike filosofie van H.G. Stoker die Universiteit ook nie op ’n a-politieke koers geplaas het nie. H.G Stoker is as wysgeer deur die Universiteit as besonder prominent geag op grond van sy visie op die Universiteit voor en sedert selfstandigwording. Prof. Botha het die ontwikkeling van ’n verantwoorde Christelike lewens- en wêreldbeskouing, sowel as die “deur- en uitwerk van die konsekwensies daarvan”, bepleit (Botha, 1995: 121-148).

Een van die “konsekwensies” was die persepsie wat die algemene publiek van die “CHO” gehad het. Die Afdeling: Skakeling en Werwing van die

SSR het in 1995 die volgende gerapporteer: “’n Groot aantal mense dink ons is ’n klein, plattelandse universiteitjie, ’n dag se reis vanuit Johannesburg en as gevolg van ons Christelike karakter uiters konserwatief soos ’n hoërskool.” As gevolg hiervan het die SSR daarop aangedring dat ’n oorhoofse bemarkingsprogram van stapel gestuur word om hierdie soort beeld van die Universiteit af te breek. Deels as gevolg van hierdie versoek is die Departement Openbare Betrekkinge in 1996 geherstruktureer om ook ’n buro vir bemarkingsdienste te akkommodeer (PUK-Argief, Dept. van Openbare Betrekking, 1995). Daarna het die vestiging van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap gevolg.

Die hydrae van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap (SGW) (met die IRS as deel van die inisiatiewe)

Met die stigting van die Sentrum vir Geloof en Wetenskap (SGW) is die inisiatief gedurende 1996 ook geneem om as ondersteuningsdiens te dien binne grondslaekwessies van veral die nagraadse en navorsingsgemeenskap van die PUK. Hierdie inisiatief was moontlik een van die redes wat daartoe bygedra het dat die Kosin Universiteit in Korea ’n eredoktorsgraad toegeken het aan die PU-rektor, prof. C.J. Reinecke. Dié toekenning kan geïnterpreteer word as ’n internasionale waardering vir die wyse waarop die PUK die “CHO” as onderwysideaal probeer uitleef het (PUK-Argief, 1993:3; Van der Walt, 2000:152-153) .

Vanaf stigting het die SGW probeer om ingelig te bly oor die werksaamhede van fakulteite waarin die betekenis van die Christelike karakter duidelik blyk. Prof. P.G.W. du Plessis is as eerste Direkteur van die SGW aangewys. Daarmee het die gesag van die eertyds gestigte Senaatskomitee vir Reformatoriese Wetenskap afgewentel na ’n dagbestuur van die SGW (Du Plessis, 2000: 1-3).

’n Mylpaal vir die raad met betrekking tot die bestendiging van die CHO-karakter van die Universiteit is in 1997 bereik toe ’n nuwe statuut deur die raad aan die Departement van Onderwys voorgelê is. Die ministerie van onderwys se aanvaarding daarvan en die publikasie daarvan in die *Staatskoerant* van 9 September het aan die PUK die reg tot ’n institusionele kultuur vir Christelike hoër onderwys binne die nuwe demokratiese Suid-Afrika verleen. Hierdie institusionele kultuur kon binne die maksimale ruimte wat die nuwe ANC-bedeling gebied het, gevestig word (PUK-Argief, 1998: I-II; Kerkblad, 1999: 31-33). Die rol van die konteks in die ontstaan van instellings en dit wat uit die wetenskap op tersiêre onderwysvlak ontwikkel, is hiermee erken (PUK-Argief, 1999:1-3).

Om steeds die dieperliggende toepassing van die “CHO” verder binne die akademie aan te moedig, so is gesê, het die Instituut vir Reformatoriese Studies (IRS) in 1999 ontbind. Daarop het die IRS by die SGW (toe as eenheid bekend) ingeskakel. Albei instansies moes voortaan grondslae-studies by die skole en fokusareas van fakulteite fasiliteer en ondersteun. Voorts het prof. P.G.W. du Plessis en H.F. van Rooy in 1997-1998 die “CHO” opnuut beredeneer in die 1998-eespublikasie wat ten doel gehad het om die 125-jarige feesvieringe van 1994 af te rond.

Onder meer het prof. Du Plessis verklaar dat die verhouding tussen universiteit en staat of universiteit en kerk ook deel sou bly van die geskiedenis en toekoms van die PU vir CHO – “al sal die verhouding tussen universiteit en gemeenskap al hoe skerper op die voorgrond tree”. Hy het ook gestel dat die bepaling “Christelik” in die “CHO” nie bedoel is om ’n kerklike karakter te dra nie, maar eerder ’n religieuse oriëntering veronderstel wat binne die raamwerk van onderrig en navorsing duideliker na vore moet kom (Du Plessis, 1998:5; Vergelyk Stoker, 2006).

Prof. Van Rooy het op die mening van prof. Du Plessis voortborduur deur kritiese kwelvrae oor die Christelike karakter te stel. Een hiervan is die vraag of die element van “Christelik” in die benaming “Christelike wetenskap” altyd aantoonbaar is – ’n doelstelling waarvoor die SGW hom veral sedert sy stigting beywer het (Van Rooy, 1998: 105-109). Tog was dit ’n doelstelling waarvan daar na ’n halwe dekade min in die denke en die produkte wat PUK-akademici geskep het waarneembaar was. Soos talle ander voorgangers het Van Rooy vermeld dat die etikettering van die PUK as ’n universiteit wat bloot “seksionele” belange dien, veroorsaak is deur die stilswye van die meerderheid van die Universiteitskorps gedurende die jare van apartheid. (Van Rooy, 1998: 105-109). Hierdie letsels aan die beeld van die PUK vertoon selfs nog teen 2002 die merke wat negatiewe persepsies gelaat het (Van Eeden, 2005: Hfst. 11).

5. Was ’n naamsverandering vir die Potchefstroomkampus na samesmelting werklik nodig?

- **Nuwe era sonder die “CHO”**

Soos blyk uit berigte en latere meningsopnames in 2002 deur dr. Eloff, skyn dit asof die wyse van uitlewing van die “CHO” nie alle werknemers ewe opgewonde gestem het nie.

In ’n verslag aan die Universiteit in 2002 het ’n internasionale span bestaande uit oudrektore van Britse en Europese universiteite na ’n

jarelange ondersoek onder meer in hulle assessering aanbeveel dat die kwalifisering van die Universiteitsnaam, naamlik “Christelike Hoër Onderwys”, weggelaat moet word. Sodoende sou ontslae geraak kon word “van ’n stuk apartheidsbagasie” – die assosiasie met Christelike Nasionale Onderwys wat sommige mense verbind het met die “van” van die Potchefstroomse Universiteit. Die rektor, dr. T. Eloff, toe maar nog kort in die tuig nadat hy in Februarie 2002 in die amp ingehuldig is, was ten gunste van hierdie aanbeveling. Sy motivering was dat die kwalifiserende byvoeging tot die naam van die Universiteit die Christelike saak vanweë die historiese bagasie daarvan meer kwaad as goed doen (Jongenbloed, 2002: 4)

In teenstelling met genoemde oortuiging was die mening van die studente en die PUK-personeel oor die naamsverandering verdeeld; standpunte en menings het gewissel van van onder meer ’n politieke assosiasie daarmee tot ’n debat tussen studente uit verskillende eras en ’n beklemtoning van elke era se wyse van vereenselwiging met die volledige Universiteitsnaam. Voor die eksterne ouditspan se aanbevelings bekendgemaak is, het personeellede ook geleentheid gehad om hulle mening te gee oor die moontlike verdwyning van die “CHO”. Hierdie geleentheid om ’n persoonlike mening te lug is geskep in ’n gedeelte van ’n vraelys wat deur die rektor op 31 Januarie 2002 aan elke werkkrag aan die PUK deurgegee is.

Opvallend van die samevattende verslae wat uit die talle antwoorde op die vermelde vraelys saamgestel is, is die kaalkop- en kritiese standpuntinname van studente en veral van personeellede. Na soveel jare van deel wees van die “CHO”, was sommige personeellede en studente in die 2002-opname van oordeel dat die “CHO”-begrip wollerig is en dat verwarring daaroor bestaan. Ander het gemeen dat die gebruik van die “CHO” net ’n bemarkingstrategie is. Dan was daar ook reaksie wat meer geartikuleerd bewoord was:

Meeste ervaar fundamentele en grondwetlike probleme met dié konsep. Verkies dat die ‘van’ wegval en dat die ‘CHO’ veral eties, waardegerig en eerlik uitgeleef word ...”, en “daar bestaan by personeel onduidelikheid en selfs verwarring oor die Christelike karakter van die PUK. Die uitdrukking ‘vir Christelike Hoër Onderwys’ in die naam van die Universiteit is onduidelik in die sin dat ‘onderwys’ lankal nie meer die kernaktiwiteite van die Universiteit insluit nie. Daar word dikwels gepraat van die ‘Christelike karakter’ van die PUK sonder dat duidelik is presies wat daarmee bedoel word. Daar word ook na die PUK verwys as ’n Christelike universiteit sonder dat dit duidelik is hoe ’n Christelike

universiteit verskil van ander universiteite, en in watter opsigte die PUK die kenmerke van 'n Christelike [u]niversiteit vertoon ... die gevolg van al hierdie onduidelikhede is dat elkeen sy eie interpretasie aan die 'Christelikheid' van die PUK gee.

Benewens die reeds vermelde verslae het die SGW ook met 'n initiatief gevolg deur op 25 Februarie 2002 'n werkswinkel oor die Christelike grondslag van die Universiteit aan te bied wat gehandel het oor die volgende twee vrae: Hoe verstaan ons die Christelike grondslag van die Universiteit? Hoe moet dié grondslag gestalte kry in onderrig, in navorsing en in dienslewering? (Combrinck, 2002:2). In dié gesprek is gestel dat die milieu waarbinne die wetenskap aan die Universiteit beoefen word, self die oorsaak kan wees dat daar 'n leemte is om die PUK se grondslag uit te leef. Onvoldoende wysgerige toegerustheid by fakulteite, is gesê, strem Christelike wetenskapsbeoefening van gehalte.

Om na byna 155 jaar eers agter te kom dat by die meerderheid van jou dosentekorps steeds onsekerheid bestaan oor die praktykmaking van die "CHO" kan ontstellend wees. Jare lank is half geïsoleerde debatte daarvoor gevoer, maar eers in 2002 is hierdie kwelling op 'n breër konsensussoekende basis beredeneer. Hierdie debatte en die latere georganiseerde beredenering van wat "CHO" werklik impliseer, verklaar egter ook die gereelde vrae daarvoor en die intense soeke na die regte teoretiese en praktiese benaderingswyse oor dekades heen. Op grond van die 2002-vraelys het die meerderheid dosente egter klaarblyklik vireers verkies dat die "CHO" as "van" van die Universiteitsnaam behou word, met die vereiste dat daadwerklik gepoog moet word om die praktykmaking van die "CHO" te verwerklik.

Ondanks 'n sporadiese bevraagtekening van die betekenis en sinvolheid van die "CHO" het die meerderheid PUK-akademië tog waardering gehad vir wetenskapsbeoefening binne hierdie denkraamwerk en lewensvisie (vgl. Van der Walt, 2002: 135-158). Sô ook het 92% van die PUK-studente klaarblyklik in 2002 gestem dat die verwysing na die Christelike grondslag in die PUK-naam moet bly (Lerm, 2003).

Vroeg in 2003 is aan al die reeds vermelde vrae oor "CHO" 'n verdere kompleksiteit toegevoeg toe samesprekings oor die samesmeltingsproses tussen die PUK en die Universiteit van die Noordweste momentum gekry het. In die strukturele beplanningsproses is die werksnaam "Platinum-universiteitstelsel" tydelik gebruik. Die rektor, dr. T. Eloff, se keuse vir die voorlopige naam van die Universiteit het op "Potchefstroomse Universiteitskampus" geval, omdat die akroniem PUK daardeur behou kon word. Ander stemme weer het laat hoor dat die naam "Sol Plaatje"

meer gepas sou wees. Voorstanders van hierdie naamkeuse het geredeneer dat Plaatje geassosieer word met die Noordwes-provinsie (Van Wyk & Lerm, 2003: 1) op grond van sy skrywerskap en intellektuele bydrae.

Die debat oor die naam het teen Augustus 2003 so ’n groot addisionele lading begin kry dat die rektor, dr. Eloff, sonder veel omhaal van woorde, opgemerk het dat dit “politities onmoontlik geword [het] om die CHO as deel van die naam te behou”. Hy het voorts opgemerk dat “dit nie beteken dat die PUK sy Christelike waardes sal verloor nie” (Lerm, 2003).

Oor die algemeen het dit egter geblyk dat die PUK-gemeenskap, ongeag hulle kritiek jeens die CHO, nie te geneë was om binne ’n groter universiteitsopset en as deel van die samesmeltingsproses met die Universiteite van die Noordweste en die Vista-kampus te Sebokeng, sonder meer afstand te doen van die “CHO” as “van” nie. Die “van” was immers ’n teken van die PUK se jarelange korporatief-bewaarde Christelike grondslag en waardestelsel (Potgieter, 2002). Die historiese leuse “In u lig” sou ook in die samesmeltingsproses verdwyn, sodat groter ruimte geskep kon word vir ander sienings wat nie noodwendig die Christelike perspektief sou hoef te verteenwoordig nie. Oor hierdie moontlikheid het die gevoelens van PUK-werknemers en die gemeenskap gewissel van positief (Cloete, 2003:1; Du Plessis, 2003) tot ’n wekroep van besorgde stemme (Anon, 2003:1; Götze, 2003:1; Rademeyer, 2003: 1). Iemand het die moontlike weglating van die “CHO” só opgesom:

“Oënskynlik is daar wel ’n faset van die Christelike karakter wat nog gehandhaaf gaan word, nl. die reg van elke Christen om (as hy so voel) in onderrig en navorsing sy persoonlike standpunt te kan uitdra. Hiervoor kan ’n mens baie dankbaar wees, maar dit verg baie verbeelding om op grond hiervan te beweer dat die [U]niversiteit as sodanig nog ’n Christelike karakter gaan hê ... Vir sommige Pukke en oud-Pukke is die nuwe waardesistiem ’n rede om vreugdevure aan te steek, omdat hierdie verandering hulle persoonlike siening akkommodeer. Vir hulle is dit dus ’n geboorte wat nuwe vooruitsigte bied. Vir ander is dit eerder ’n begrafnis ...”(Van der Walt, 2003:2).

6. Die CHO na 2003 – hoe nou vorentoe?

Vanaf 2004, 70 jaar nadat die “CHO”-van heringestel is, sou die PU vir CHO voortaan net bekend wees as die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, sonder die kwalifiserende “CHO” as deel van die Universiteitsnaam. Daarmee is die dekade-lange debat oor die waarde en toepassing daarvan sonder slag of stoot beëindig. Die rektor, dr. T. Eloff,

het dit só opgesom: “Through the negotiations of the past months we have established the broad framework for the NU [NWU]. The strategy was to retain the fundamentals of the PUK or to create room for it in the NU [NWU] ... among other things the PUK got ... room for living up to our Christian principles, and a Christian perspective on science” (PUvCHO; Eloff, 2003).

Waarskynlik gebaseer op hierdie positiewe reaksie van Eloff, ondanks die gegewe van ’n nuut saamgestelde Universiteit met ’n beoogde nuut geformuleerde “waardesisteen”, het sommige van die dosente aan die PUK-kampus in 2003 besluit om betrokke te bly by die ideaal om steeds die dissiplines waarby hulle betrokke is vanuit ’n Christelike perspektief aan te bied. Die gedagte om ’n studiegroep vir Christelike Hoër Onderwys te begin, is laat in 2003 geopper (Anon, 2003:1). In 2004 was daar konkrete pogings om gesprekke in hierdie verband te organiseer. Teen 2005 was die stilsweye daaromheen egter merkbaar (Vergelyk P. Stoker, 2006; <http://www.puk.ac.za/navorsing/eenheidbwi/bwiwebne/subprogrammes/subprgee.htm>). Die nuwe kampusrektor, prof. A. Combrink, het na die PUK binne die nuwe bedeling verwys as ’n era waarin die CHO “van die hek afgehaal” is, maar in die harte van mense leef (Van Eeden, 2005: Proloog).

In vele opsigte sal die sinvolheid van “hoe nou vorentoe”, met ’n onworteelde formele “van” as jarelange essensie in die PUK-karakter, in die toekoms waarskynlik gemeet word aan die kreatiewe vermoë van belanghebbendes om gesprekke op ’n gereelde grondslag bewustelik te stimuleer. So ook hoe om Christelik-gefokusde koersaanpassings te maak. Om dit te kan doen, moet oopkopvrae beredeneer word, waaronder:

- In welke mate wil akademiëci nog spontaan assosieer met gesprekke en inhoude oor die Christelike wetenskapsbenadering in hulle vakrigting?
- Sal georganiseerde gesprekke oor ’n Christelike hoër onderwysbenadering ’n slaafse voortsetting van die tradisioneel-beskoulike binne die CNO-tradisie reflekteer of sal ’n nuwe/herformulering van die bestaande visie ’n Christelik-beskoulike sigbaarheidswaarde in die elkedagse praktyk beklemtoon?
- Wat presies sou die bedoeling kon/ moes wees van ’n CHO-visie binne ’n multi-diverse onderwysbedeling?

As CHO dan inderdaad “van die hek afgehaal is” (aldus prof. Combrink) waar die voete van bereidheid moontlik in die verlede ’n ondergeskikte rol beklee het, behoort daar in die nuwe bedeling en die nuwe eeu juis hierop klem gelê te word. Voete van bereidheid behels nie net ’n teoretiese

besinning van Christelike hoër onderwys nie, maar hoe om sinvol – op elke terrein van die onderwys – eerbare resultate te verskaf; hierdie resultate praktyk te maak; ’n finansieël-ondersteunende bydrae te maak in die tersiêre opleiding van jeugdige korps wat die Christelike waardes respekteer; ’n sosiaal-maatskaplike bydrae te maak deur oplossings te vind en/ of leiding te gee in moreel-etiese kwessies wat reglyn mag indruis teen die Christelike waardes. Om dus “van die hek afgehaal” te wees, veronderstel dat die eens gereserveerde ingang oop is om meer praktykgerig te doen en meer onderwysbehoewendes te bereik.

Slegs die tyd sal leer in welke mate beoog word om CHO-beginsels en perspektiewe sigbaar en formeel/ informeel in die nuwe NWU-terisiêre bedeling in die toekoms in stand te probeer hou.

Bibliografie

- ANON. 1956. Taak van Universiteit is vorming van Christelike persoonlikheid. *Eikestadnuus*, Apr. 25. p. 1.
- ANON. 1967. Meningsopname onder studente. Christelike karakter kan nog beter uitgeleef word. *Die Wapad*, Mei, 10. p. 1.
- ANON. 1967. Pukke koud vir C.H.O. sê student. *Die Wapad*, Aug., 2. pp. 3, 5.
- ANON. 1985. Trap Willem eis Pukke. *Vaderland*, Sept., 25. p. 2.
- ANON. 1992. *Woord en Daad*. 32(341): 16-19.
- ANON. 2003. Die krisis waarin die PU vir CHO verkeer. <http://www.puvircho.co.za>. Okt., 14. p. 1.
- ANON. 2003. Die ideaal leef voort. <http://www.puvircho.co.za>. Okt., 14. p. 1.
- ASMAL, K. & JAMES, W. 2002. *Spirit of the nation. Reflections on South Africa's Educational Ethos*. Claremont: New Africa Education. pp. xii-xiii.
- BINGLE, P.W. 1990. *Koers*, 55(4): 591-592 [boekresensie]
- BOTHA, M.E. 1995. Christelike universiteit en politiek in ’n apartheidsbedeling. *Koers*, 60(2): 121-148.
- BRINK, A.P. 1957. Christelik-Nasionale Onderwys in Suid-Afrika. *Die Besembos*. p. 119.
- BRYNARD, K. 1985. PUK se SR eis dr. Willem de Klerk se kop. *Vaderland*, Okt., 2. *BURGERSDORP GAZETTE*. 1885. Maart, 6.
- CILLIERS, R. & ROUSSEAU, B. 1984. Studente. Hulle dink so. *Die Wapad*, Mei 8. p. 9.
- CLOETE, T.T. 2003. Etiket red nie PUK-karakter. <http://www.puvircho.co.za>. Okt. 14. p. 1
- COETZEE, J.H. 1984. Die PU vir CHO: Is dit ons erns? *Woord en Daad*, Mei. pp. 15-17.
- COETZEE, J.H. 1987. Christelik-Nasionale Onderwys gewee in die lig van die ekumeniese roeping van die PU vir CHO. *IRS Wetenskaplike bydrae*, 235. p. 19.
- COMBRINK, V. 1975. P.U.-studente en Christelike wetenskap. *Die Besembos*. pp. 10-11.
- COETZEE, W.N. 1966. Die PU is ons erfenis. *Die Besembos*. pp. 17-20.
- DE KLERK, P. 1996. Nederlandse nasionalisme en Afrikanernasionalisme – ’n vergelyking. *Koers*, 61(3). pp. 323-344.
- DU PLESSIS, P.G.W. 1998. Die PU vir CHO se karakter: kontinuïteit en oorgang. Verkenning in oorgang ... *Koers*, Supplement 1. p. 9.
- DU PLESSIS, P.G.W. 2000. Afskeidswoord aan die Senaatskomitee vir Reformatoriese Wetenskap. *IRS*, Sept., 8. pp. 1-3.
- DU PLESSIS, T. 2003. Naam is NWU, mense is Pukke. *Rapport*, <http://www.puvircho.co.za>. Okt., 14.

- DU PLESSIS, W. 1995. Dis deel van transformasie. *Woord & Daad*, Lente, pp. 11-12.
- DIE KERKBLAD. 1999. Jan., 27. pp. 31-33.
- FRONEMAN, J. 1992. Prof. Carools Reinecke oor die PUK. *Die Kerkbode*, Sept., 18. p. 14.
- GÖTZE, A.H. 2003. Naamsverandering van die PU vir CHO. Persverklaring van die ACDP, <http://www.puvircho.co.za>. Okt. 14. p. 1.
- HELBERG, J.L. 1990. Die PU vir CHO se naam, leuse en taak in die lig van Psalm 36. *Koers*, 55(4). pp. 463-480.
- HERBST, D. 1958. Gedagtes oor Joernalistiek. *Die Besembos*. pp. 64-66.
- IAPCHE. 1992. Christian education in the African context. Potchefstroom, South Africa. pp. 1-166.
- IBC. 1976. Christian Higher Education. The contemporary challenge. Proceedings of the first International Conference of the Reformed Institutions for Scholarship, Potchefstroom, 9-13 Sept. 1975. *Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO*, F3(6).
- INSTITUUT VIR REFORMATORIESE STUDIES 1983. 1962-1982. *Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO*, F2(21).
- INSTITUUT VIR REFORMATORIESE STUDIES. 1989. 25 Jaar, Visie & Missie, *Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO*, Reeks F (F3), 35. pp. 22-23; 34-35; 37-38.
- INSTITUUT VIR REFORMATORIESE STUDIES 1989. IRS, 25 Jaar, Visie & Missie. *Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO*, Reeks F (F3), 35.
- INSTITUTE FOR REFORMATIONAL STUDIES. 1987. Educational challenges in Southern Africa in a Christian-reformational perspective. *Scientific Contributions of the PU for CHE*, Series F: Institute for Reformational Studies F3 Collections, 30.
- INTERNET: PUK-Webtuiste:
<http://www.puk.ac.za/navorsing/eenheidbwi/bwiweb`ne/subprogrammes/subpr`nge`ne.htm>
- JONGENBLOED, Z. 2002. PU-naamdebat gaan oor meer as CHO-verdwyning. Is dit toutrekkery tussen politieke faksies of tussen geslagte? *Rapport*, Mei, 19. p. 10.
- LERM, E. 2003. Nuwe naam sorg vir vurige debat. *Wapad*, Aug. 6.
- LION-CACHET, F.N. 1995. Die sentrale openbaring in die Ou Testament en die Christelike grondslag van die Potchefstroomse Universiteit. *Koers*, 60(4). pp. 563-577.
- NAUDÉ, B. 1995. *My land van hoop*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Ouweneel, W.J. Is 'n Christelike Universiteit moontlik? *Koers*, 58(3). pp. 323-336.
- POSTMA, W. 1993. Betekenis van ds. Dirk Postma se bevordering van Christelike Onderwys vir negentiende-eeuse Nederland en vir Suid-Afrika vandag. *Koers*, 58(1), pp. 71-80
- POTGIETER, P.J.J.S. 1998. Die PU vir CHO as Afrikaanse universiteit. Verkenning in Oorgang ... *Koers*, Supplement 1. p. 125.
- POTGIETER, P.J.J.S. 2000. CHO in die doodsnikke van die ou bedeling. In: Van Eeden, E.S. (Red.). 2005. *IN U LIG*, *Die PUK vanaf selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004*. Johannesburg: D.Comm, p. 513.
- PUK-ARGIEF:
Burgersdorp, Inligtingstuk, Die PU vir CHO, 1951-1994. s.j.
Combrink, A.L.-versameling, Notules, Uitgebreide Bestuurskomitee, notule, 28 Jan. 2002, p. 2
Departement Openbare Betrekkinge, Onderwerplëers, Toespraak, J.S. du Plessis, 6 Feb. 1984, p.1.
Departement Openbare Betrekkinge, Verslag, J. Orangies. Mening oud-studente. ca. 1993-1994.
Departement Openbare Betrekkinge, Onderwerplëers, Studente-aangeleenthede, Verslag BAS, 8 Aug. 1997.

- Departement Openbare Betrekkinge, Onderwerplëers, Transformasie, korrespondensie, Carien Laubscher (SSR)/W.
- Gesprek, E.S. van Eeden/ Prof. B.J. van der Walt, 3 Apr. 2004.
- H.J.J. Bingle-versameling, Toesprake, Die C.N.O. – Partikuliere Sinodes van Noord- en Suid-Transvaal, 1956.
- H.J.J. Bingle-versameling, korrespondensie, J. van Rooy/H.J.J. Bingle, 12 Feb. 1958. Jaarboek, 1941-1950; 1952.
- J. Chr. Coetzee-versameling, Afd. 4, Onderwerplëer oor die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, 1954-1960, korrespondensie, S. du Toit/ J. Chr. Coetzee, 5 Jan. 1954.
- Korps Veritas Vincet-studiestuk nr. 1, Die P.U. vir C.H.O. – wat beteken dit?, 8 Feb. 1967.
- Komitee vir Beleid en Ontwikkeling, 1978-1979, 27 Mei 1978, pp. 86-88.
- Notules, Raad, berig, PUK-Raad herbevestig Christelike karakter, 284/95, 21 Sept. 1995.
- T. Eloff, E-pos, Principal PUK Campus/ PUK Colleagues, 20 Jun. 2003.
- Uitvoerende Komitee, Notules, notule, 12 Okt. 1960-23 Okt. 1963.
- Senaat, Notules, 23 Mrt. 1977, Afskeidswoorde aan die Rektor, prof. H.J.J. Bingle, 23 Mrt. 1977, p. 3.
- Verslae, rektor, 1966; 1975; 1991, 1992, 1993, 1994, 1996 Bylae oor "Christian Education in the New South Africa"; 1998; 1999.
- Verslae, Sub-Kommissie van die I.B.C. i.s. navorsingsprojek ten opsigte van Christelike Wetenskap, 5 Mrt. 1970; Verslag van navorsing insake Christelike wetenskapprojek onder toesig van die Departement Interfakultêre Wysbegeerte, 22 Mei 1974-30 Mei 1975. PU vir CHO.
- RADEMEYER, A. 2003. PUK se naam op altaar van transformasie. <http://www.puvircho.co.za>. Okt. 14. p. 1.
- REINECKE, C.J. 1989. Rektorale inhuldigingsrede. Die PU vir CHO: verankerend in sy beginsels en gerig op die toekoms. *Koers*, 54(4). pp. 415-431.
- SMIT, E.J. 1957. Ons Christelike Studentevereniging. *Die Besembos*. pp. 51-52.
- SNYMAN, P.H. 1948. Die 'C.H.O.' 'n struikelblok? *Die Wapad*, Jul. pp. 2-3.
- SNYMAN, J. 1991. Doppers se dilemma. Stem van Potchefstroom stil. *Insig*, Mei. pp. 12.
- STOKER, H.G. c.a. 1950. Dit is ons erns met ons P.U. vir C.H.O.! *Koers*. pp. 149-155.
- STOKER, P.H. 2006. E-pos-nota aan E.S. van Eeden. Feb. 14.
- STOKER, P.H. 2006. E-pos-nota aan E.S. van Eeden. Feb. 17.
- STRAUSS, H.J. *Christelike wetenskap & Christelike onderwys*. 3e druk. Bloemfontein: Sacum Bpk., Nasionale Boekdrukkery. pp.1-94.
- VAN DER DUSSEN, H. 1958. Kulturele roepingsleer. *Die Besembos*. pp. 126-128.
- VAN DER SCHYFF, P.F. 2003. *Wonderdaad...! Die PUK tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigheid*. Paarl: Paarl Print. pp. 1-709.
- VAN DER VYVER, J.D. 1957. Die Calvinistiese benadering van die Regswetenskap. *Die Besembos*. pp. 111-113.
- VAN DER WALT, B.J. 1982. Die Instituut vir Reformatoriese Studie. Twintig jaar van diens (1962-1982). *Woord en Daad*, Mrt. pp. 11-13.
- VAN DER WALT, B.J. 2000. Die sinvraag in ons verhouding tot die natuur in die geskiedenis van die IRS, 1962-1999. *Koers*, 65(1). pp. 151-154.
- VAN DER WALT, B.J. 2001. Hulle bou aan Christelike wetenskapsbeoefening. *Kampusnuus*, 8. 25 Mei, 25. p. 3.
- VAN DER WALT, B.J. 2002. Reformation and/or Renaissance? A comparison between John Calvin's and Thabo Mbeki's ideas of renewal. *Koers*, 67(2). pp. 135-158.
- VAN DER WALT, B.J. 2002. Past heritage, present opportunity, and future challenges: Reflections on the 25th anniversary of the International Association for the Promotion of Christian Higher Education. *Christian Higher Education*, Special Issue 1(2-3). pp. 123-133.

- VAN DER WALT, J.L. 1997. Die moontlikheid van Christelike onderwys in Suid-Afrika na 1994. *Koers*, 62(3), pp. 307-317.
- VAN DER WALT, T. 1981. Die PU vir CHO. Venster op prioriteite vir die nabye toekoms. *Woord en Daad*, Aug. pp. 14-16.
- VAN DER WALT, T. 2003. Het die PUK sy Christelike karakter prysgegee of nie? <http://www.puvircho.co.za>. Okt. 14. p. 2.
- VAN DER WATEREN, J.F. 1964. Kuns in U Lig. *Die Besembos*. pp. 26-27.
- VAN EEDEN, E.S. & COETZEE, C.J. 1996. Aspekte van 'n Christelike perspektief op fasette van die geskiedwetenskap in 'n veranderende Suid-Afrika. *Koers*, 61(3). Sept. pp. 271-290.
- VAN EEDEN, E.S. (Red.). 2005. *'IN U LIG', Die PUK vanaf selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004* Johannesburg: D.Comm. Hoofstukke 3 & 11.
- VAN ROOY, D.J. 1952. Natuurwetenskap in U Lig. *Die Besembos*. pp. 41-43.
- VAN ROOY, H.F. 1998. Die PU vir CHO as Christelike universiteit, Verkenning in oorgang. Gedagtes by die 125-jarige bestaansjaar van die PU vir CHO-1994, *Koers*, Supplement 1, pp. 102-103.
- VAN WYK, A. & LERM, E. 2003. Nuwe name vir PUK genoem. *Wapad*, Feb. 28. p. 1.
- VENTER, C.N. 1952. Die Afrikaner, eensaam en alleen voor God met sy roeping. *Die Besembos*. p 45.